

Leer by My

Deel 1 – Kom Kies

AFSKOP

Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?

VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

Hoe sal jy beskryf het jou jaar begin? Hoe dink jy oor die jaar? Waarna sien jy uit?

Wat was vir jou die moeilikste deel van laas jaar gewees? Watter effek het dit op jou emosionele lewe gehad, of het dit selfs nog steeds?

Hoekom dink jy is ons lewe so besig soos dit is? Watter dinge in jou lewe maak JOU lewe besig? Dink jy die spoed waarteen ons leef is volhoubaar? Verduidelik.

Watter doelwit het jy vir jou geestelike lewe hierdie jaar?

Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:

Romeine 14:17; 15:13 en Galasiërs 5:22-23. Watter twee eienskappe van God se koninkryk word in al drie hierdie gedeeltes genoem? Hoeveel van dit beleef jy tans in jou lewe? Wat dink jy is die rede daarvoor? Hoe kan jy dit verander?

Jesaja 30:15-16. Waarin lê ons krag volgens hierdie gedeelte? Hoe stem ons wêreld ooreen met die gejaag beskryf in vers 16? Hoe gereeld pas jy stilte en vertrou toe in jou lewe? Verduidelik.

Psalm 23:2-3; 62:2-3 en 62:6-7. Waar kan ons rus kry vir ons gemoed volgens hierdie verse? Hoe ontgin 'n mens dit?

Matteus 11:28-29 en Jeremia 6:16. Op watter manier kan jy by Jesus leer om op sy manier te leef? Op watter betroubare paaie moet jy weer begin loop in jou verhouding met Jesus?

Filippense 4:13. Hoe kan ons hierdie krag van God verkry?

Lees deur Psalm 86. Hoe kan jy hierdie gebed ook vir jou lewe en uitdagings in hierdie nuwe jaar bid? Lees en bid deur hierdie Psalm saam as 'n groep.

Skryf een of twee dinge neer waarvoor jy die Here vertrou in hierdie 21 Dae van Vas en Gebed. Deel dit met jou groep en bid saam daarvoor.

GEBED EN OMGEE

Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daarvoor kan bid:

NEEM 'N VOLGENDE STAP

Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.

As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waarvoor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.